

Subject: Re: Keuringsverslag van Schumacher Bonsmara deur HB Freyer
From: Lea Jonker <lea@studbook.co.za>
Date: 2026/07/21, 14:00
To: Hbfreyer <hbfreyer@afol.com.na>, bonsmara.namibia@gmail.com
CC: Marc Schumacher <marc@coastalhirenam.com>

Dankie Heiko.

Onderstaande is nou afgehandel.

Los SBB 230051 soos in Logix en gekeur Okt 2025.

SBB 230060 en 230111 - diere is afgekeur, so nie nodig om dan te kanselleer - los soos is.

SBB 230132 - dier steeds by nie-lid en ook nou gekeur.

Groete.



On 2026/07/20 17:46, Hbfreyer wrote:

Hallo Lea

Ek het die keuring by Marc Schumacher op die 26ste Junie 2026 gedoen, nie wetend dat van die bulle in Oktober 2025 alreeds vir keuring aangebied was.

Ek het met Marc Schumacher gepraat oor die bulle wat alreeds in Oktober 2025 vir keuring aangebied was.

Die bulle moet asb. soos volg hanteer word:

SBB 230051 bly goedgekeur met 'n punt 6 soos by die keuring in Oktober 2025.

SBB 230060 en SBB 230111 moet gekanselleer word. Hulle is alreeds geslag.

SBB 230132 was tydens die keuring in Oktober nie gesien nie. Ek het hom goedgekeur as plaasbul met 'n punt 6. Marc het die bul oorgedra aan 'n kommersieele boer voordat ek die keuringslys aan ons sekretaresse gestuur het. Die oordrag van die bul kan steeds gedoen word - dalk moet die oordragdatum net verander word na 'n datum later as die datum van die opneem van die keuringslyste.

Ek hoop dat die onsekerheid deur die gedupliseerde keuring hiermee kan opgelos word.

Vriendelike groete,

Heiko Freyer

From: Lea Jonker (lea@studbook.co.za)

Date: 07/20/26 15:02

To: bonsmara.namibia@gmail.com

Cc: Marc Schumacher (marc@coastalhirenam.com), Heiko & Anette Freyer (hbfreyer@afol.com.na)

Subject: **Re: Keuringsverslag van Schumacher Bonsmara deur HB Freyer**

Middag almal,

Hierdie was 'n kopkrapper, want van die diere was reeds in Okt 2025 afgekeur en word nou goedgekeur?

SBB 230051 - reeds gekeur 02/10/2025 - punt 6

SBB 230060 - reeds afgekeur 02/10/2025 - B13

SBB 230111 - afgekeur 02/10/2025 - R1

SBB 230132 - help hier, want die dier is oorgedra na nie-lid 02/07/2026?

Groete.



On 2026/07/20 10:04, bonsmara.namibia@gmail.com wrote:

Beste Lea

Aangeheg, vind asb 'n keuringsverslag van Schumacher Bonsmaras,

Senior Keurder: Heiko Freyer 596253

Junior Keurder: Hano Swart

Datum van keuring: 26 Junie 2026

Groete

Albé Snyman

Secretary/Sekretaresse

Mobile 00264 81 1240027

Web www.bonsmaranamibia.com

Email bonsmara.namibia@gmail.com

